SAOU

Gee die pas aan / Setting the pace

012 436 0900 / 086 072 6843 012 348 9658 saou@saou.co.za www.saou.co.za

# Nasionale Nuusbrief 01/2016 National Newsletter

11/01/2016

| NUWEJAARSGROETE VAN SAOU PRESIDENT | NEW YEAR MESSAGE FROM THE PRESIDENT OF THE SAOU |
|---|---|
| Met die werksaamhede van 2016 byna oral reeds in volle swang wil die SAOU graag sy stem voeg by dié wat reeds goeie wense aan u oorgedra het! | While many of the initial activities for 2016 have already been zealously initiated around the country the SAOU would like to add its own best wishes for a successful new year to those greetings that you have already received. |
| Ons vertrou dat u die rustyd ten volle kon benut en dat die feestyd in besonder geseënd was. Mag u dan in die jaar u persoonlike doelwitte binne die onderwys ten volle bereik en mag dit gepaardgaan met baie opwinding en 'n verrassende klomp hoogtepunte. | We trust that you enjoyed the festive season, that you were able to rest fully and that you experienced a particularly blessed time. May you achieve all your personal goals within education this year and may they all be accompanied by exciting and uplifting highlights. |
| Saam met die bekendmaking van die matriekuitslae van 2015, wil ons ook aan almal baie dankie sê vir u reuse-aandeel in die afhandeling van die leerders se skoolloopbane. Ons is onder geen illusie van dit wat hiermee gepaard gaan nie. Ons mediaverklaring is op die SAOU se webblad beskikbaar (kliek hier). | Together with the announcement of the matric results for 2015 we would like to thank each and every one for the inestimable part you played in bringing the learners to a successful completion of their school careers. We are under no illusions about the demands made by such a commitment to the learner. Our media statement is available on the SAOU website (click here). |
| Vir elkeen van ons wag daar weer uitdagings om die bepaalde taak op hande te hanteer. Daarvoor is daar op die meeste plekke stewige beplanning in plek, maar niemand werk binne 'n perfekte omgewing nie. Daar sal dus weer 'n goeie hoeveelheid van die onvoorsiene op ons pad kom. | New challenges await each one in regard to the fulfilment of the new tasks on hand. Although careful and thorough planning is already in place in that regard, no one works in a perfect environment and so there are bound to be many unforeseen occurrences along the way. |
| Dit is vir seker ook waar vir die SAOU en ons sal op 'n dringende basis aandag gee aan belangrike sake wat nog deur onderhandeling afgehandel moet word. Die meeste hiervan bepaal die effektiwiteit van die onderwys in ons land en sal meehelp dat die omstandighede waarbinne ons almal werk, verbeter. Die tempo hiervan word nie deur ons alleen bepaal nie omdat al die rolspelers daarby betrokke is. Die beplande munisipale verkiesings sal sekerlik ook sy tol eis en bydra om hierdie tempo te vertraag. | The same will most certainly be true for the SAOU and we will - as a matter of urgency - give close attention to important matters that need to be finalised through negotiation. Most of these matters will determine the effectiveness of education in our country and contribute to establishing improved working conditions. The tempo of the negotiations is not determined by the SAOU alone but is dependent upon all the role players who are involved. The pending municipal elections will also no doubt play a role and contribute to possibly retarding the process. |
| Die SAOU het egter reeds talle opwindende projekte wat ons self gaan aanpak. Die volle datumrooster van opleiding in verbeterde vakkennis en skoolbestuur in elke provinsie, sal aanstons aan u bekend gemaak word. U word aangemoedig om die nuusbriewe fyn dop te hou en waar moontlik, elke geleentheid te benut. (Maak seker dat u ten | The SAOU does, however, have a host of exciting projects that it will drive this year. The full timetable for training in improved subject knowledge and school |

volle op hoogte bly van al die SAOU se aktiwiteite deur gereeld op die webblad of SAOU-toepassing te kyk!)

Saam met die SAOU se goeie wense vir 'n uiters suksesvolle en opwindende jaar, verseker ons u graag daarvan dat ons saam aan die juk trek. Ons wil saam met u verseker dat die onderwys wat ons land so nodig het en wat elke kind in ons sorg verdien, vanjaar nog nader sal kom aan die kwaliteit en optimale effektiwiteit wat nodig is.

Ons reken weer op u lojaliteit en ondersteuning om voort te bou op die suksesse van die vorige jare.

Opregte seënwense en groete

**Jopie Breed**
**PRESIDENT**

management in each province will be announced shortly. You are encouraged to read newsletters carefully and where possible, to take full advantage of all courses on offer. (Ensure that you remain fully informed of the SAOU's activities by regularly consulting the SAOU website for updates!)

The SAOU assures you that in addition to its best wishes for an exceptionally successful and exciting year the Union will bear the yoke with you. Together, we can bring the education that our country needs and that every child in our care deserves, to an optimum level of quality and effectiveness.

We look forward to your continued loyalty and support to take the success of last year into 2016 and make it even better.

Sincere regards

**Jopie Breed**
**PRESIDENT**

☎ 012 436 0900 / 086 072 6843 🖷 012 348 9658 ✉ saou@saou.co.za 🌐 www.saou.co.za